

DIE ONDERRIGTAAK VAN DIE VERPLEEG- PRAKTISYN IN DIE SAALSITUASIE

deur

M.E.C. Potgieter,
B.Cur (Pretoria).,
M.Cur. (Intensiewe Algemene Verpleegkunde),
Pretoria.

Lektrise, Departement Verpleegkunde,
Universiteit van Pretoria.

SUMMARY

The ward sister, being the senior nurse practitioner on the ward, has an important teaching task.

This teaching, although mainly directed towards the student nurse, also includes all categories of workers in the ward as well as the patient and his family.

Teaching on the ward mainly takes place on an informal basis, but some methods of formal teaching can be used with excellent results.

INLEIDING

Dit is 'n bekende feit dat die saalsuster 'n belangrike taak het t.o.v. die onderrig van die student-verpleegster. Hieroor kan daar geen twyfel meer bestaan nie. Onderrig is deel van haar historiese agtergrond en van haar pasiëntsorgfunksie. "... traditionally, the ward sister has been included in the education of student nurses, this has never been taken from her, and the passing on of expertise which she has built up over the years is of inestimable value to the student"⁷.

Die uiteindelijke doelwit van alle verpleegopleiding is goeie pasiëntsorg en hierin speel die saalsuster 'n baie belangrike rol. Die kennis en vaardighede waaroor sy beskik en wat sy aan die student oordra is van onskatbare waarde in die opleiding van hierdie student. Mellish beklemtoon die belangrikheid van die saalsuster se bydrae as sy sê: "the success and failure of the education programme stands or falls on her contribution to it"⁷.

Dit gaan dus nie in die eerste plek daarom of die saalsuster 'n onderrigtaak het nie, maar wel of sy dit beseft en weet hoe om hierdie taak te vervul.

Dit is egter nie net die studentverpleegster wat onderrig moet ontvang nie, maar alle personeel wat 'n bydrae tot pasiëntsorg lewer. Dit sluit die ander geregistreerde verpleegsters wat miskien pas hul opleiding voltooi het in, studentverpleegsters, assistentverpleegsters, die saalklerk en selfs saalbediendes moet onderrig ontvang ten einde hul onderskeie funksies sinvol te kan verrig en 'n optimale vlak van pasiëntsorg te verseker.

Verder moet ook die pasiënt onderrig ontvang ten opsigte van sy siekte, behandeling, medikasie, diëet en terugkeer na 'n aktiewe lewe. Om hierdie onderrig werklik sinvol te maak moet die familieledede van die pasiënt by hierdie onderrig betrek word. Daar is talle situasies waar 'n eggenoot of gesinslid waardevolle hulp kan lewer in die tydperk na ontslag van die pasiënt, mits sodanige gesinslid die regte onderrig en leiding ontvang het.

Die verpleegkundige het egter ook 'n baie belangrike onderrigfunksie in die uitdra van gesondheidsvoorligting aan almal wat die saal binnekom. Hier word veral gedink aan besoekers. Misverstande en wanopvattinge oor sekere siektetoestande of behandelingsmetodes kan nou uit die weg geruim word.

Hoewel die saalsuster aan al hierdie persone onderrig gee soos genoem, is die grootste deel van haar onderrigtaak toegespits op die studentverpleegster — die verpleegpraktisyn van môre. As in aanmerking geneem word dat die student die grootste gedeelte van haar opleiding in die saalsituasie deurbring, is dit duidelik dat die saalsuster inderdaad 'n belangrike taak het. Hier, in die saalsituasie, vind die belangrikste deel van die leerproses en van die opleiding van die student plaas.

Daar word dikwels 'n onderskeid getref tussen die kollege of opleidingsarea en die saal of area van dienslewering asof dit twee onafhanklike eenhede is wat niks met mekaar in gemeen het nie. Hierdie siening is foutief en kortsigtig omdat hulle gesamentlik die ideale onderrigarea bied om die student omvattend voor te

berei vir haar taak.²

Dit is 'n wesenlike probleem dat die saalsuster as gevolg van haar vol werksprogram nie voldoende tyd het om aan die onderrig van die studente en ander werkers onder haar toesig te bestee nie. Sy kan egter toesien dat studente onder haar leiding mekaar onderrig. So kan 'n senior student bv. waardevolle onderrig aan junior studente gee. Hierdeur word meer leergeleenthede vir junior studente geskep en terselfertyd baat die senior ook daarby. Sy leer naamlik om onderrig te gee, haar eie vaardigheid te verbeter en die standaard van haar werk hoog te hou. Dit is 'n bekende feit dat onderrig aan ander een van die beste metodes van leer is.³

Seniors kan egter ook soms by hul juniors leer, veral as die junior meer ondervinding van 'n spesifieke taak het. Verpleegsters het baie om mekaar te leer en kan ook baie van mekaar leer. Die klimaat waarin hulle werk behoort sodanig te wees dat professionele uitruil van kennis vanselfsprekend is.⁶ Dit is dan ook die taak van die saalsuster om hierdie klimaat te skep deur haar persoonlike voorbeeld. Crowther kom tot die gevolgtrekking dat "every person involved in the care of individuals, particularly when those individuals are cared for in an area designated for the training of nurses, is responsible for producing a conducive environment for learning and for ensuring that learning takes place where possible."²

Dit is en bly egter by uitstek die taak van die geregistreerde verpleegster, en veral die saalsuster, om onderrig te gee in die saalsituasie. Alle opgeleide personeel in die kliniese situasie is verantwoordelik vir onderrig, hoewel nie almal opleiding daarvoor ontvang het nie.³

Die gebrek aan formele onderwysopleiding word dikwels gesien as 'n struikelblok in die weg van die saalsuster wat graag haar personeel wil onderrig. Daar is egter verskeie maniere waarop sy haar eie vermoëns om onderrig te gee kan verbeter.

Heel eerste is dit noodsaaklik dat die saalsuster die **onderrigmoontlikhede van haar saal** sal besef, en sal sorg dat hierdie moontlikhede ten volle benut word. "The ward can indeed be the ideal place for learning if its full potential is exploited."³ Sy moet verseker dat elke student die optimale geleentheid kry om leersituasies te benut. Hierin lê 'n besondere uitdaging vir die saalsuster. Op grond van haar meerdere kennis en ervaring is dit vir haar moontlik om 'n situasie op te som en die onderrigwaarde daarvan te besef terwyl die student dikwels nie eens bewus is daarvan dat sy in 'n leersituasie verkeer nie. Deur hierdie "leermomente" aan die student uit te wys word haar belangstelling ook geprikkel en kan 'n gewone roetine-taak soos die neem van 'n temperatuur 'n insiggewende leerervaring word.

Om te kan onderrig gee is dit ook nodig dat die saalsuster seker moet wees van haar eie kennis. Daarvoor is dit nodig dat sy **sover moontlik** by voortgesette onderwysprogramme sal inskakel, veral in haar eie vakgebied. Indien sy genoeg belangstel kan sy sodoende 'n waardevolle bron van kennis opbou waaruit die

studentverpleegster kan put.¹

Omdat die mediese wetenskap en tegnologie daaglik met rasse skrede vooruitgaan, kan die geregistreerde verpleegkundige haarself nooit as "klaar geleer" beskou nie.

Om te kan bybly en haar plek langs die geneesheer te kan volstaan, is sy genoodsaak om voortdurend **navorsing te doen** in haar vakgebied sodat sy op hoogte van nuwe ontwikkelinge kan bly. Alleen so kan sy seker wees dat sy doeltreffende versorging aan haar pasiënte kan gee, en dit ook aan haar studente kan leer.

Indiensopleidingsprogramme soos seminare, simposia, lesings en kort kursusse; voortgesette onderwysprogramme en 'n goeie leesprogram is onder andere metodes wat die geregistreerde verpleegster kan toepas om haar kennis op te knap en uit te brei.

METODES VAN ONDERRIG

Soos reeds genoem is daar talle verpleegkundiges wat hulself onbekwaam voel tot onderrig aan studente omdat hulle geen spesifieke opleiding vir onderrig ontvang het nie. Deur hierdie onnodige geringskatting van hul eie vermoëns kan dit gebeur dat waardevolle leermomente vir die student verlore gaan.

Hoewel 'n onderwyskwalifikasie 'n groot hulpmiddel vir die verpleegkundige is en altyd sal bly, is die afwesigheid daarvan geensins 'n indikasie dat sy nie in staat is om onderrig te gee nie. 'n Groot deel van die onderrig wat in die saalsituasie gegee word vind op 'n informele en dikwels onbewuste wyse plaas deur die voorbeeld wat sy aan die student stel en die leiding wat sy aan haar gee. "Ward teaching is not a set of series of lessons, but teaching in the practical situation as it arises from day to day."¹

Op dieselfde wyse word die pasiënt ook voortdurend onderrig deur raad en voorligting wat aan hom gegee word deur die verpleegkundige. Goeie pasiëntsorg gaan onvermydelik gepaard met voortdurende onderrig. Enkele voorbeelde van metodes van informele onderrig in die saalsituasie is die volgende:

Die Persoonlike Voorbeeld

"Students are observing all the time the nursing care given by others."³ Hierdie voortdurende observasie deur die student plaas 'n besondere verantwoordelikheid op die skouers van die geregistreerde verpleegkundige. Sy moet deurgaans sorg dat sy verpleegsorg van hoë standaard lewer en dit ook oordra aan diegene wat saam met haar werk. Haar pasiënte is haar eerste prioriteit en die wyse waarop sy hulle versorg moet 'n duidelike voorbeeld vir die studente wees.³

Saalrondtes

Hierdie word reeds lankal as belangrike onderrigsmetode in die opleiding van mediese studente gebruik. Dit kan egter net so effektief in die onderrig van die verpleegkundestudent gebruik word. Nancy Keller beskryf haar ondervinding met hierdie metode as

volg: "Rounds were useful in pointing out things preventable by earlier detection or attention in communicating my expectations for a quality of patient care, and in demonstrating the utility of certain information obtainable from the patient."⁴

Saalrondes hoef nie noodwendig 'n formele rondte te wees met al die personeel nie, maar kan ook met een of twee studente op 'n keer gedoen word. Sodoende kry die student die geleentheid om vrae te stel, asook om self probleemareas uit te wys en moontlike oplossings daarvoor te vind.

Die saalrondte bied ook die ideale geleentheid om onderrig aan die pasiënt te gee. Net soos die student kan die pasiënt vrae stel en probleme oplos.

Besprekings

'n Informele bespreking van sekere siektetoestande of probleemareas in die versorging van spesifieke pasiënte kan ook 'n waardevolle onderrigmiddel wees.

Weereens hoef dit nie noodwendig die hele personeel te betrek nie. 'n Paar studente onder leiding van die geregistreerde verpleegkundige kan 'n waardevolle bespreking hê. 'n Kleiner groep bied ook meer geleentheid vir aktiewe deelname aan die student — 'n faktor wat baie belangrik is by hierdie metode van onderrig. Keller wys daarop dat die gedagte van "ons moet meer weet van die pasiënt om hom te kan verpleeg"⁴ deurgaans tuisgebring moet word.

Situasie-onderrig ("On The Spot Teaching")

Die geleentheid vir hierdie metode van onderrig is legio. Dit is dan ook by uitstek die metode waarop onderrig in die saalsituasie plaasvind. Terwyl die student besig is met die uitvoer van 'n spesifieke prosedure of opdrag, word haar optrede ge-evalueer deur 'n senior persoon (verkielik die geregistreerde verpleegkundige) wat saam met haar werk. Sy word die geleentheid gebied om vrae te stel en probleme uit te skakel, om prosedures waaroor sy onseker voel onder toesig uit te voer en om teorie en praktyk te korreleer.

'n **Goeie Leesprogram** is net soos in die geval van die geregistreerde verpleegster, 'n noodsaaklikheid. 'n Klein boekery oor die vakgebied wat tot die studente se beskikking gestel word is baie belangrik. Studente moet aangemoedig word om self na te lees oor die vakgebied. Sodoende word teorie en praktyk sinvol gekoördineer.

Die voorbeeld van die saalsuster is hier weereens belangrik. As sy self op hoogte is van nuwe ontwikkelinge en belangstel om haar kennis uit te brei, sal sy 'n positiewe voorbeeld stel en studente sal deur haar entoesiasme aangemoedig word.

Vervolgens enkele metodes van formele onderrig wat in die saalsituasie toegepas kan word:

Opdragte

Hierdie vorm van onderrig, hoewel op sigself 'n goeie metode, word baie maklik misbruik. Dit moet nie gesien word as 'n metode om die onderrigtaak te ontduik nie. Indien so 'n opdrag nie goed evalueer word en met die student bespreek word nie, verloor dit baie van die onderrigwaarde.

Onderwerpe moet ook sorgvuldig gekies word sodat dit sinvol sal wees vir die student, bv. 'n siektetoestand wat wel in die betrokke saal behandel word. Die werklike waarde van so 'n opdrag lê daarin dat die student dit wat sy in die teorie nageslaan het, in die praktyk kan sien.

Pasiëntstudies

Hierdie metode is waardevol om aan studente totale pasiëntersorg te leer. Om die studie egter sinvol te maak moet die student die pasiënt verpleeg en 'n vertrouensverhouding met hom/haar opbou. Die ideale omstandighede hiervoor is wanneer van die pasiënt-allokasiemethode gebruik gemaak word, nl. waar 'n sekere aantal pasiënte aan die student toevertrou word. Sy is dan verantwoordelik vir die volledige versorging van hierdie pasiënte.

Indien die prosedure-metode in die betrokke saal gevolg word, nl. waar die student 'n reeks take ontvang, bv. die neem van temperature of versorging van drukdele, kry die student nie 'n geheelbeeld van die pasiënt en sy siekte nie. Sodanige student sal moontlik meer leiding nodig hê vir die pasiëntstudie, omdat sy geneig is om slegs op sekere areas te konsentreer en ander af te skeep. Dit is ook moeiliker om 'n vertrouensverhouding met 'n pasiënt op te bou as sy net vir 'n gedeelte van sy versorging verantwoordelik is.

Evaluering en bespreking van die pasiëntstudie is weereens belangrik om dit vir die student sinvol te maak.

Formele Lesings

Hierdie metode is uit die aard van die saak nie gewild in die saalsituasie nie. Dit verg heelwat voorbereiding van die saalsuster om so 'n lesing aan te bied en het ook praktiese implikasies. Dit is selde moontlik om die geleentheid te skep vir so 'n lesing, en moet gewoonlik herhaal word omdat al die personeel dit nie gelyktydig kan bywoon nie.

Omdat saalsusters hulself dikwels beskou as onopgelei vir formele onderrig, word die tydies wat wel beskikbaar is eerder aan informele besprekings gewy.

Die metode hoef egter nie afgeskryf te word nie en kan met vrug gebruik word wanneer daar 'n stil tydperk in die saal ondervind word.

Individuele Onderrig

Hierdie is 'n intensiewe metode van onderrig omdat slegs een student op 'n keer onderrig ontvang. Die persoon wat die onderrig gee is verkielik die geregistreerde verpleegkundige maar kan ook die senior student wees. Vir die saalsuster is dit die ideale geleentheid om persoonlike aandag aan die student te gee. Dit bied ook die geleentheid om die student in haar omgang met die pasiënt te observeer en evalueer.

Vir die student het dit die voordeel dat sy enige spesiale probleme t.o.v. die spesifieke taak kan bespreek en oplos. Sy het ook die voorbeeld en ondersteuning van die senior persoon wat oor die nodige kennis en ondervinding beskik.

Ook t.o.v. pasiëntonderrig is hierdie metode baie geskik en by uitstek die metode wat vir pasiëntonderrig gebruik word in die saalsituasie. Terwyl daar met die pasiënt gewerk word kan individuele onderrig gegee word, maar daar kan ook spesifieke geleenthede vir onderrig geskep word. Hier word bv. gedink aan die pasiënt met Diabetes Mellitus wat moet leer hoe om homself insulien toe te dien.

Hoewel hierdie metode van onderrig as tydrowend beskou kan word, hoef dit nie noodwendig so te wees nie. Daar is talle geleenthede in die daaglikse saalroetine waar van individuele onderrig gebruik gemaak kan word. Die saalsuster wat saam met haar studente werk sal hierdie geleenthede die beste kan benut.

Probleme wat ondervind word

TYD en die beskikbaarheid daarvan is, soos reeds genoem, dikwels 'n struikelblok. Personeeltekorte, oorvol sale en 'n druk werksprogram neig om die tyd vir onderrig geweldig in te kort. Daar moet egter onthou word dat tyd aan onderrig bestee, nooit verlore tyd is nie. Dit kan slegs daartoe lei dat die student volgende keer in staat sal wees om vinniger te werk of minder foute te maak wat tyd bespaar. "Teaching does indeed take time, but in the long term is a great time saver. A learner who lacks confidence and competence will take much longer to carry out procedures, and will also put the patient at risk."³

Fasiliteite vir Onderrig

"As most of the ward learning occurs at the bedside, full discussion of the patient and his treatment provides another problem. Accommodation must be made available where confidential information can be freely discussed and related to patient care."³

Om so 'n plek te vind waar besprekings gehou kan word, kan soms problematies wees. Die dienskamer is dikwels die enigste beskikbare plek, en kan ook baie goed vir die doel gebruik word. Daar moet egter in gedagte gehou word dat onderbrekings gedurig mag voorkom, bv. as gevolg van die telefoon of besoekers wat navraag kom doen oor pasiënte.

Hierdie onderbrekings vorm egter deel van die normale saalbedrywighede en kan nie uitgeskakel word nie. Soos Hinchliff dit stel: "The ward is not a classroom and teaching and learning cannot take place without interruptions and constraints."³

Behalwe die probleem van 'n beskikbare plek vir onderrig, kan die onderrigmateriaal ook soms probleme oplewer. Hoewel dit nie net die buitengewone en interessante siektetoestande is wat vir die student leersaam is nie, mag dit gebeur dat die student nie die geleentheid

kry om ernstig siek pasiënte te verpleeg nie. Die saalsuster mag vind dat daar in die betrokke tydperk wat die student aan haar toegesê is, hoofsaaklik pasiënte met appendisitis in haar saal opgeneem word, terwyl sy haar graag sou wou leer hoe om 'n pasiënt met ekstensiewe chirurgie te versorg.

Die kennis en vaardigheid waarvoor die saalsuster beskik mag vir haarself 'n probleem skep. Soos reeds genoem, kan sy mettertyd 'n baie goeie kennis van die betrokke vakgebied bekom. Gedurige verskuiwings van personeel, sodat die geregistreerde verpleegkundige hoogstens 'n paar maande in die betrokke saal bly, gee haar egter nie die geleentheid om genoegsame vakkennis op te bou nie en lei tot frustrasie.

Ook die jong geregistreerde verpleegkundige wat pas haar opleiding voltooi het, mag vóel dat haar kennis te ontoereikend is om onderrig te gee.

Deur hierdie verpleegkundiges die geleentheid te gee om deur indiensopleiding en selfstudie hul eie kennis uit te brei, word beter onderrig vir die studentverpleegster verseker.

'n **Goedgemotiveerde** student soek na geleenthede om haar kennis uit te brei en bied 'n uitdaging aan die saalsuster. Die teenoorgestelde is egter ook waar studente wat nie gemotiveer is nie skep probleme in die saal en lewer swak pasiënt sorg.

Indien so 'n student opgemerk word is dit die taak van die saalsuster om ondersoek in te stel na die rede vir hierdie swak motivering. Dit mag dalk spruit uit 'n vrees om foute te maak, onsekerheid of 'n gebrek aan die nodige leiding en onderskraging. "Dit verg weinig meer as slegs 'n positiewe gesindheid met die gee van leiding en aanmoediging vir die versterking van selfvertroue by die student."⁵

Ten spyte van die genoemde probleme en die talle besware wat dikwels geopper word, kan die onder- rigtaak van die verpleegpraktisyn in die saalsituasie nie onderskat word nie. Dit is en bly 'n sleutelarea in die opleiding van studente en onderrig aan die gemeenskap.

"Nurse education is at present undergoing great changes. But whatever happens, the ward will retain an important place in training."³

BIBLIOGRAFIE

1. Adebajo, S.O. *The Role of the Ward Sister in the Teaching Team of the Hospital*. Australian Nurses Journal, June 1970.
2. Crowther, E. *A Clinical Teacher looks at Nurse Education*. Nursing Mirror, April 1978.
3. Hinchliff, S.M. *Teaching Clinical Nursing*. Churchill Livingstone, New York 1979.
4. Keller, N.S. *Head Nurse and Clinical Teacher*. Nursing Outlook, September 1971.
5. Kotzé W.J. *Beroepsvoorbereiding van die Verpleegkundige*. Geneeskunde, Maart 1979.
6. Levine, M.E. *Does Continuing Education Improve Nursing Practice?*. Hospitals, November 1978.
7. Mellish, J.M. *The Ward Sister's Role in Teaching Student Nurses*. S.A. Nursing Journal, December 1977.
8. Mellish, J.M. *Towards the Eighties ... Nursing Education in Perspective*. CURATIONIS, June 1978.